**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(WES KAAP HOË HOF, KAAPSTAD)**

SAAKNOMMER: A788/2010

DATUM: 4 MAART 2011

In die saak tussen:

**THULANI WISEMAN XABENDINI** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**UITSPRAAK**

**W H VAN STADEN, WnR**:

1. Die appellant in hierdie saak is in die Landdroshof in die distrik Knysna skuldig bevind op twee aanklagte van onderskeidelik diefstal en besit van vermoedelik gesteelde goedere. Vir vonnisdoeleindes is die twee skuldigbevindings saamgevoeg en die Appellant is gevonnis tot 24 maande gevangenisstraf.

2. Die appellant wat skuldig gepleit het aan die twee aanklagte kom nou in hoër beroep teen die gemelde

vonnis van 24 maande gevangenisstraf.

3. Wat die klagte van diefstal betref, is die Appellant daaraan skuldig bevind dat hy sewe pare sonbrille ter waarde van R4 900,00 gesteel het, terwyl as sekuriteitswag by die perseel waar die diefstal plaasgevind het, aangestel was. Die besit van die vermoedelik gesteelde goedere het betrekking op juweliersware ter waarde van R9 435,00 wat in Appellant se besit gevind is.

4. Namens die appellant is aangevoer dat:

4.1 Die verhoorlanddros nie genoegsaam in ag geneem het dat hy berou getoon het deur skuldig te pleit nie.

4.2 Hy vir 'n tydperk van omtrent 4 maande as verhoorafwagtend aangehou is.

4.3 Die persoonlike omstandighede van die Appellant nie genoegsaam in ag geneem is nie.

4.4 Ander alternatiewe vonnisse nie behoorlik oorweeg is nie.

/bw

/...

5. Daar is egter verskeie verswarende faktore in die onderhawige geval, meer spesifiek die volgende:

5.1 Die Appellant het drie vorige veroordelings vir diefstal ten opsigte waarvan hy in 2002 en 2003 tot korrektiewe toesig gevonnis is en in 2007 tot 18 maande gevangenisstraf.

5.2 Die Appellant het die diefstal in die onderhawige geval gepleeg terwyl hy as sekuriteitswag, dus in 'n vertrouensposisie, aangestel was.

5.3 Tydens die uitdien van sy korrektiewe toesig-vonnis, waarna hierbo verwys word, het die Appellant volgens 'n proefbeampteverslag nie sy behoorlik samewerking gegee nie. Hy het die voorwaardes van die korrektiewe toesig by verskeie geleentheid gebreek.

6. Die bevoegdheid van 'n hof om in te meng met 'n vonnis wat deur 'n laerhof opgelê is, is beperk. (S v Kubido 1998 (2) SACR 213 te 216g-h en S v S 1985 (3) SA 102 (A).) Boonop het 'n mens hier met 'n situasie te doen waar die verhoorlanddros volledig en goed gemotiveerde

redes gegee het vir die vonnis wat hy opgelê het. Dit kom voor asof hy alle moontlike alternatiewe vonnisse deeglik oorweeg het. Geen kritiek kan, na my mening, teen sy uiteensetting geopper word nie.

7. Die vonnis is na my mening uiters toegeeflik en verwek hoegenaamd nie enige gevoel van skok nie.

8. Alles in ag genome is my gevolgtrekking dat daar geen gronde is waarop ingemeng kan word met die vonnis wat deur die verhoorlanddros opgelê is nie.

9. Ek sou in die omstandighede die appèl van die hand wys.

---------------------------

W H VAN STADEN, WnR

<u>ZONDI, R</u>: Ek stem saam.

---------------------------

ZONDI, R